“Moordtoneel 1” – Grant Jefthas

die ink van my pen het droog geword

net soos die bloed op die mat

die bloed wat ek probeer uitwas het

deur rooiwyn daaroor te gooi

elke dag herinner die reuk van daai dag my

van wat voor my afgespeel het

jy eers in my arms

jy toe op die vloer

jy besig om van ekstase te kreun

jy toe besig om van pyn te gil

jy besig om te lewe

en toe

besig om te sterwe

die flikker in jou oë het dof geword

saam met dit

die leuens

die verraad

en saam daarmee alles

jou skynliefde